



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

3 MAART 2019

GEMEENTEBULLETIN

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

EREDIENSTE

EERSTE LYDENSWEEK

OGGENDDIENS

Lig in donkerte
Johannes 16

GESINSDIENS

Om lig in die
donkerte te bring
Johannes 16

BLOKDIENS

Lig in donkerte
Johannes 16

JEUGDIENS

Lig in donkerte
Johannes 16

DEURKOLLEKTE Ruyterwacht

Ons gemeente is betrokke by die Ruyterwacht Dienssentrum vir Seniors. Die Omgeetrust het ook twee huise in Ruyterwacht, wat bekostigbare verblyf aan bejaardes voorsien, aangekoop.

3 Maart

10 Maart

09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	4	Ds. Potgieter	1
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Potgieter	9	Ds. Duvenhage	6
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootsaal	Blokdiens	Ds. Breytenbach	-	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Breytenbach	-	Ds. Duvenhage	-
19:00	Kapel	Aanddiens	Mike van Deventer	11	Ds. Potgieter	12

FOKUSPROGRAM 7-21 APRIL

Met die oog op die Lydenstyd en Paasfees word 'n spesiale fokusprogram met die tema HOOP IN BEWEGING vanaf 7 tot 21 April in die gemeente aangebied. Lidmate word uitgenooi om vir die volgende spesiale byeenkomste te bespreek. Kaartjies vir al drie die byeenkomste beloop R50 per persoon per geleentheid.

- **Aanbieding deur prof. Christina Landman**, Maandag 8 April om 19:00 in die kleinsaal. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519. Kaartjies R50 p.p.
- **Toneelstuk deur Johan Laten**, met die tema: Hoop in beweging. Donderdag 11 April om 19:00 in die kleinsaal. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519. Kaartjies R50 p.p.
- **Joodse Paasete**, Woensdag 17 April om 19:00 met eg Joodse kos. Dit is 'n besondere geleentheid waarby die hele gesin kan inskakel. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519. Kaartjies R50 p.p.

[ON S L U I S T E R N A G O D]

Bladsy 2

JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- GRAAD 4-en-5-KAMP: Ons gaan vanaf 8 tot 10 Maart saam kampeer. Inskrywingsvorms is op www.stellenberg.co.za beskikbaar, of stuur e-pos na sunet@stellenberg.co.za.
- SENIOR KLEINGROEPE: Jeugdiens begin om 18:00 met kleingroepe direk daarna.
- SENIORKLEINGROEPELIERS: Ontmoet om 17:30.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondag vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.

LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/gemorspos word gestuur nie.

JEUGLERAAR

Ds. Hanno Ackerman het die beroep as jeugleraar aanvaar. Sy indiensneming is 1 April 2019. Hy sal tydens die oggenddiens van 7 April aan die gemeente bekend gestel word en by die jeugdiens (18:00) bevestig word.

SPORTTOERUSTING VIR VOSBURG

'n Jeug- en volwasse uitreikspan besoek Vosburg vanaf 19 tot 26 Maart. Ons wil graag tweedehandse sporttoerusting saam met die uitreik stuur en dit benut in ons programme wat vir kinders aangebied word. Enige tweedehandse sporttoerusting, veral balle, sal baie welkom wees. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2&3: Grootaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5&6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Grootaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 4 Maart om 09:30 in die markplein bymekaar. Die breigroep is afhanklik van wolskenkings. Afvalwol ook welkom.

HARTLIK GELUK

Ons wens ds. Louis van der Riet geluk met sy bevestiging in die NG Kerk Kraaifontein Parke. Louis het grootgeword in Stellenberg-gemeente en dit is vir ons 'n voorreg om hom as leraar in die Ring van Durbanville te verwelkom.

[ONS LUISTER NA MEKAAR]

Bladsy 3

RETRAITE IN WELLINGTON

Moderne mense se groeiende behoefte aan stilte het die gedagte aan 'n kwartaallikse wegbreekgeleentheid na die Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington laat ontstaan. Belangstellendes sal die opsie hê om as deel van 'n groep, of alleen, stilte op te soek.

Die eerste wegbreekgeleentheid is vanaf Vrydag 5 April om 18:00 tot Saterdag 6 April om 18:00. Akkommodasie (enkelkamer met badkamer) en etes word ingesluit en koste beloop R480 per persoon. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

DOOP VANDAG

- Heinrich en Daneel Badenhorst, Rayslot 34, laat doop vir Klara Badenhorst.
- Wynand en Joanie Duvenhage, Simonsbergweg 5, Durbanville, laat doop vir Elsabé Duvenhage.
- Kassie en Fia Karstens, Rubyslot 1, Stellenridge, laat doop vir Coetzee Jean Karstens.
- Gideon en Anne-Marie Meyer, Vineyard 11, Durbanville, laat doop vir Thea-Mari Meyer.
- Bertus en Anzél Muller, Paulineslot 30, Brackenfell, laat doop vir Michael Muller.

MANNEKAMP 24 TOT 26 MEI

Na afloop van 'n baie geseënde mannekamp in 2018 is daar besluit om jaarliks twee geleenthede aan te bied. Gee prioriteit aan jou geestelike opbou en kom ervaar die seën van die Here saam met ander mans – oud en jonk! Ons gaan na Wortelgat, Stanford. Navrae: Retief Ueckermann 082 498 3448.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 7 Maart om
15:00 en 15:45

2 Johannes : V.1-13

Oor liefde vir en in die
gemeente!

ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

VOORBIDDING

Hannes Brand, Stepping Stones 45B, het 'n baie ernstige operasie ondergaan. Ons vra dat lidmate in besonder tydens die herstelproses aan hom sal dink.

VATVYF

Uitstappie na die pragtige Cape Garden Centre op Woensdag 6 Maart. Helia Smit, werknemer van die kwekery en ook 'n lidmaat van Stellenberg, gaan met ons gesels oor hoe so 'n groot besighed funksioneer. Ons vertrek om 09:30 vanaf die kerkkantoor. Besprekings het reeds gesluit.

MET LEEDWESE

Martha Johanna Kitshoff (Malie) gebore 21/07/1928 en oorlede op 22/02/2019. Haar gedenkdien is op Vrydag 15 Maart om 15:00 by Edelweiss Dienssentrum. Sy was sedert 1994 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente en in die laaste tyd 'n inwoner van Edelweiss se versorgingseenheid. Ons meegevoel met familie wat sy agterlaat.

GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep - Dinsdagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep - Donderdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep - Donderdagoggende om 06:00 in kafeteria.

BASAAR 2019

Baie dankie aan almal wat die basaar ondersteun het en veral aan al die lidmate wat baie hard gewerk het om die basaar moontlik te maak. Besondere dank aan Christine Morsbach, organiseerder en haar span konvenors.

NUWE LIDMATE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddiens by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519.

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 tot 12:00 by 021 976 8029 gemaak word.

BELYDENIS VAN GELOOF



Die volgende jongmense bely vandag hulle geloof tydens die oggenddiens om 09:00 en jeugdiens om 18:00. Ons vewelkom hulle as belydende lidmate van die gemeente.

VAN	VOLLE NAME	KORT ADRES
Ammon	Nicola	Haarlem 7
Avenant	Anda	Mushet 14, Vredeklouf
Basson	Anje	Esdoring 21, Vredeklouf
Bekker	Jovan	La Marita 5, Kleinbronpark
Bester	Zander Armand	Richelieu 30, Everglen
Beyers	Joshua Dreyer	Aroma 007, Stellenryk
Blom	Daniel Hofmeyr	Stepping Stones 50, Eversdal
Botha	Anja	Acaciastraat 10, Ridgeworth
Bothma	Jana	Peperboomsingel 8, Vredeklouf
Brand	Christiaan Burger	Kendal 52
Breytenbach	Lara	Rayslot 24
Butler	Mujeanne	Dawnslot 41, Eversdal
De Jager	Charl Johan	Fleur De Lis 11, Kleinbronpark
De Klerk	Danie Christiaan	Briffant 17, Chantecler
De Villiers	Mia	De Villiersrylaan 65, Valmarypark
Du Toit	Andries Stephanus	Patoulaan 23, Amanda Glen
Düring	Corne	Ridgeworth Place 27
Duvenhage	Hendrik Petrus	Dawnslot 15
Engelbrecht	Phillipus Jacobus	Sonneblomstraat 71, Stellenridge
Fourie	Xander Vlok	Marieta Close 3, Sonstraal-Oos
Fowler	Thomas Christian	Gillian 46, Eversdal
Giliomee	Ian Daniel	Annabelleslot 4, Amanda Glen
Gobregts	Ruben Daniel	Bellinisingel 6, Sonstraalhoogte
Goslett	Kristie	Koorsboomsingel 33, Vredeklouf
Greyling	Janika	Hellasingel 59, Uitzicht
Grühn	Konrad Paul	Mauritius 17
Hattingh	David John	Kendal 36
Hewitt	Emma	Stepping Stones 25
Honey	Marethe	Undine 4
Human	Isabella	Essenhoutstraat16 Vredekloufrand
Laubscher	Ben	Limietbergsingel 1, The Crest
Laurence	Daleen	Haarlem 15

VAN	VOLLE NAME	KORT ADRES
Le Grange	Ruan	Kendal 90
Leite	Brian	Amandelstraat 43
Lennox	Daniel	Patoulaan 30
Lotriet	Jacques Christiaan	Bergkruinestraat 9
Louw	Marise	Pinestraat 9, Ridgeworth
Maree	Josias Servaas	Sneeuberg 1
Martin	Gerhard Louis	Gillian 88, Rosendal
Muller	Nicole	Alpha Straat 5, Brackenfell
Pegram	Cyle Ceanan	Chanteclerlaan 21
Pienaar	Ruwan Ernst	Antoinettestraat 8
Potgieter	Marcus	Japonica 1 Vredekloufhoogte
Roelofs	Jeska Laine Tamar	Alpha Straat 17 Brackenfell
Schutte	Dean	Kruisriviersingel 12, Graanendal
Smith	Wéonè	Stellenberg Gardens 36
van der Merwe	Leon	Oranje Singel 36, Vygeboom
van Der Westhuizen	Khyro Eran	Amandel 61, Amanda Glen
van Niekerk	Charl John	Kendal 114
van Niekerk	Jakobus Oostewald	Chanteclerlaan 029
van Niekerk	Anita	Buren 18, Stellenberg
van Rensburg	Ioné	Soetdoring 29, Vredeklouf
van Rooyen	Louw	Haarlem 36, Stellenberg
Vlok	Lisa	Somer 6, Eversdal
Weideman	John-Pierre	Dirkie Uysstraat 19
Wolfaardt	James George	Banhoek 5
Wolstenholme	Hugo Bruwer	Buren 17
Wolstenholme	Jaco Richard	Buren 17

